6 Junie 2010

<u>Teks</u>: Matt 16:13-19
HK Sondag 3 & 12
Hoekom is jy ‘n Christen?

Votum en Groetseën

<u>Psalm 23:1</u> (Staan)

Net soos 'n herder uittrek met sy skape

en hul laat neerlê in die veld van milde groen,

met sagte hand hul lei langs stille waters -

so is die HEER, so het Hy ook aan my gedoen:

Hy laaf my siel en lei my swakke skrede

in vaste spoor van sy geregtighede.

Psalm 23:3

U bring vir my die tafel in gereedheid,

my hoof druip olie en my beker vloei van wyn,

'n bron van goedheid stroom vir my gedurig;

dit is my gees 'n vreug, my vyande 'n pyn;

dit kroon my lewe met u welbehae;

en in u huis, daar bly ek al my dae.

Skriflesing:

Matt 16:13-19

Matteus 16:13-19 (teks: Matt 16:16-17)
13Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens?”
14Hulle antwoord: “Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete.”
15“Maar julle,” het Hy gevra, “wie, sê julle, is Ek?”
16Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”
17“Gelukkig is jy, Simon Barjona,” het Jesus vir hom gesê, “want dit is nie ’n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is. 18En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie. 19Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”

<u>Psalm 71:1</u> (Sit)

Op U alleen, my Rotssteen bou ek.

Laat my dan nimmermeer

in smaad verval, o HEER!

Op u geregtigheid vertrou ek.

Verhoor my, red my lewe;

dis aan U oorgegewe!

Psalm 71:9

Ek voel my sterk, aan U verbonde;

my mond vind tot u lof

gedurig ruimer stof.

U redding meld ek elke stonde;

al kan ek dit nie skat nie,

besyfer of bevat nie.

Prediking:

<u>Sb 10-1:1</u> (Staan)

O Vader, in die hemel hoog,

tot wie ons ophef hart en oog,

ons bid in stille eerbiedenis:

Gee dat u Naam, wat heilig is,

deur ons geken, geëer, gevrees,

in alles mag geheilig wees.

Sb 10-1:2

Gee dat u koninkryk mag kom,

in Christenland en heidendom,

in sy triomfe eindeloos!

En laat ons op die aarde, soos

die eng'le wat u troon omring,

gewillig, Heer, u wil volbring.

Sb 10-1:3

Gee ons - want ons gebrek is groot -

vandag ons daelikse brood.

Bewys ons tog barmhartigheid

en skeld ons, Heer, ons skulde kwyt,

soos ons, in skuldvergiffenis,

vir hul wat aan ons skuldig is.

Sb 10-1:4

Lei ons nie in die donker land, die wêreld van versoeking, want ons is so swak. Verlos ons van die Bose as hy sy vangnet span. Want U kom toe die majesteit en krag en eer in ewigheid.

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Sb 1-1:1</u> (Staan)

Geseënd sy bo alle dinge
die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge
vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore
en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore
voordat daar tyd of wêreld was.

Sb 1-1:5

Nou bring die tyd in volheidskringe
die vrug van Gods geheimenis -
tot Christus Hoof van alle dinge
op aarde en in die hemel is.
In hom is dit dat ons verkry het
die erfdeel ons verordineer,
wat God se wil ons voorberei het,
die wil wat alles hier regeer.

Sb 1-1:7

Ons sal, in lewe en in sterwe,
Gods eiendom vir altyd wees;
ons sal wat Hy beloof het, erwe,
verseël deur die Heil'ge Gees.
Hy is die waarborg ons gegewe,
die eerst'ling van die volle som;
ons sal die reddingsdag belewe -
die gloriedag van God, wat kom.

Wegstuurseën
Amen Amen Amen